# UNIVERSITEIT STELLENBOSCH TOEKENNING VIR SOSIALE IMPAK

## 1. Doel en status

Die Universiteit Stellenbosch (US) se Strategiese Plan vir Sosiale Impak (SPSI) dien as institusionele riglyn vir sosiale impak.[1] Sosiale impak gee uitvoering aan die Universiteit se waardes en visie in die algemeen; in die besonder dui dit die koers vir die US aan in die bevordering van kennis in diens van die gemeenskap (Visie 2040).

Die US Toekenning vir Sosiale Impak ondersteun hierdie oogmerke op ’n gefokusde manier deur US-personeel[2] en verskeie groeperings US-belanghebbendes en -gemeenskapsvennote te vereer en aan hulle erkenning te gee vir die werk wat hulle elke jaar vir sosiale impak verrig.

Ingevolge die huidige SPSI onderskryf die US die volgende:

1.1 inisiatiewe vir sosiale impak in alle US-omgewings en in samewerking met verskeie belanghebbendes uit die samelewing wat ’n verskil teweegbring en wat erkenning en bevestiging verdien;

1.2 ’n paradigma waarbinne sosiale impak duidelik blyk in onderrig en leer, in navorsing en in oop, onderlinge skakeling deur die Universiteitsgemeenskap heen om betrekkinge met belanghebbendes te versterk en te verryk; en

1.3 die prioritisering van kennisuitruiling, prestasieverbetering (bv. in personeelverwante prosesse) en ’n begrip van burgerskap in die konteks van Suid-Afrika en verder, en in samehang met ons belanghebbendes, gemeenskapsgebaseerde vennote en ander rolspelers.

In die lig van bogenoemde is die doel van die US Toekenning vir Sosiale Impak om elke jaar erkenning te gee aan personeel [3] aan fakulteite en in PASD-omgewings wat hulle daarvoor beywer om uitnemende sosiale impak te verseker en wat bewys van sterk en betekenisvolle skakeling met eksterne belanghebbendes en gemeenskappe kan lewer.

Die US Toekenning vir Sosiale Impak is die hoogste eer wat die Universiteitsgemeenskap aan personeel bewys vir prestasies wat met sosiale impak verband hou. Daarom moet alle US-omgewings verseker dat ander toekennings vir sosiale impak wat befonds word uit bronne waaroor die US beheer het en wat binne hulle omgewings toegeken word, nie aan die aansien van die US Toekenning vir Sosiale Impak afbreuk doen nie.

Hierdie toekennings is daarop gemik om voortgesette betrekkinge met belanghebbendes van buite die

[1] Die 2018-SPSI word tans bygewerk. Die bygewerkte dokument sal as die Beleid vir Sosiale Impak geformuleer word.

[2] ‘Personeel’ sluit alle US-personeel in – beide uit akademiese en PASD-omgewings (professionele en administratiewe steundienste) – asook, gegewe die aard en doel van hierdie toekennings, nadoktorale genote.

[3] Moet met 2.2 saamgelees word.

Universiteit te vier. Daarom vier dit ook ons belanghebbendes en gemeenskapsgebaseerde vennote regstreeks deur te erken dat sosiale impak altyd ’n spanpoging is.

## 2. Die toekenning

2.1 Die naam van die toekenning is die Universiteit Stellenbosch Toekenning vir Sosiale Impak.

2.2 Personeellede uit alle US-omgewings wat al minstens twee jaar by die Universiteit in diens is, kom vir die toekenning in aanmerking.

2.3 Die Universiteit gee elke jaar erkenning vir sosiale impak in twee kategorieë:

(a) Die primêre of topkategorie is ’n spantoekenning[4] vir (’n) spesifieke inisiatief/-tiewe vir sosiale impak. Dit word toegeken aan ’n US-personeellid of US-span personeellede, en hulle kan die geldbedrag aanwend om hulle inisiatief en werk te bevorder. Die eksterne vennoot kan ook ’n toekenning ontvang, en hulle kan die geldbedrag aanwend om die deurvoering van die inisiatief te bevorder.

(b) Die tweede soort toekenning is vir ’n US-individu wat by ’n ongespesifiseerde inisiatief betrokke is. In hierdie kategorie kan die US-spanleier en eksterne vennoot gesamentlik besluit hoe om die geldbedrag ten beste aan te wend.

2.4 Die toekenning erken, vier en skyn die kollig op die besondere omstandighede waarin die onderskeie US-omgewings sosiale impak verseker.

2.5 Die toekenning behels ’n sertifikaat en ’n geldbedrag.

2.6 Die kantoor van die Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel (VR: STP) bepaal jaarliks, na oorlegpleging met die Komitee vir Sosiale Impak van die Senaat (KSI[S]), die bedrag per toekenning en toekenningskategorie.

2.7 Die Toekenningskomitee (sien par. 5) mag dit ook oorweeg, na oorlegpleging met die ontvanger, om ’n bedrag ter ondersteuning van die gemeenskapsvennoot se werk beskikbaar te stel.

2.8 Dieselfde persoon mag nie twee opeenvolgende jare die toekenning ontvang nie. Dit is die Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie, synde die sekretariaat, se verantwoordelikheid om die boekhouding by te hou van alle toekennings wat ingevolge hierdie regulasie gemaak word.

2.8 Elke fakulteit of verantwoordelikheidsentrum (VS) mag hoogstens drie benoemings per jaar voorlê vir oorweging.

2.9 Die geldbedrag word regstreeks aan die ontvangers oorbetaal en, waar toepaslik, aan die belanghebbende(s) of vennoot/vennote wat in die benoeming vermeld is.

## 3. Maatstawwe

Alle kandidate word uitgenooi om ’n volledige curriculum vitae (CV) en motivering voor te lê wat gebruik sal word om hulle te evalueer. ’n Templaat vir die motivering sal verskaf word. Die CV moet met die betrokke inisiatief vir sosiale impak in verband gebring word. Ter verdere ondersteuning van hulle benoeming moet kandidate ook verslae vanaf belanghebbendes uit die gemeenskap, ander verslae oor insette en uitsette vir sosiale impak sowel as prestasiebeoordelings voorlê. Vir die Apex Toekenning vir spanwerk moet die benoeming die projek en spanlede vermeld.

[4] “Span” verwys na (’n) individu(e) en hulle medewerkers/vennote wat saam sosiale impak aan die Universiteit onderneem.

Benoemings word volgens die onderstaande maatstawwe beoordeel:

3.1 die mate waarin daar ’n portefeulje met bewyse bestaan van die kandidaat of span se werk aan die US wat op voortgesette betrokkenheid fokus; die diepgaande en voortgesette aard van betrokkenheid by sosiale impak en die volhoubaarheid van inisiatiewe vir sosiale impak soos dit blyk uit die verweefdheid daarvan met die Universiteit se programme, betrekkinge met belanghebbendes uit die gemeenskap en die bedryf, en die konteks van die gemeenskap en die bedryf;

3.2 of die inisiatief/-tiewe op die Kennisplatform vir Sosiale Impak (KPSI) geregistreer is, sover toepaslik;

3.3 die mate waarin kandidate ingelig is oor huidige en opkomende temas in hulle onderskeie dissiplines en kundigheids-/spesialisasiegebiede;

3.4 die mate waarin kandidate gesprek en samewerking nastreef – intern aan die Universiteit, met belanghebbendes uit die gemeenskap, en met ander sosiale-impak-praktisyns in Suid-Afrika en in die buiteland;

3.5 die volhoubaarheid van inisiatiewe vir sosiale impak, soos blyk uit die verweefdheid daarvan in die Universiteit se programme en in betrekkinge met en kontekste binne die gemeenskap of bedryf;

3.6 die meetbare impak van inisiatiewe vir sosiale impak soos bewys deur gestelde uitkomste en aanwysers vir, en uitwerking op, teikengemeenskappe of die samelewing in die oorkoming van ’n sosiale kwessie of uitdaging; die omvang van kandidate se betekenisvolle uitsette en impak, met inagneming van hulle spesifieke omgewing as US-personeel; die mate waarin kandidate hulle betrokkenheid vir sosiale impak wyer bekendmaak deur middel van aanbiedings by nasionale en internasionale konferensies, publikasies in vaktydskrifte en populêre media en, waar moontlik, op maniere wat vir die publiek toeganklik is;

3.7 die mate waarin kandidate die planne en programme vir sosiale impak aan die Universiteit – en dié van ander instellings buite die US – in ag geneem en die geleenthede benut het wat sodanige planne en programme daarstel;

3.8 die mate waarin die kandidate se sosiale impak erkenning geniet, byvoorbeeld by wyse van eweknie-evaluerings en terugvoer vanaf belanghebbendes in die gemeenskap of bedryf;

3.9 die mate waarin kandidate bygedra het tot betrokke navorsing, betrokke onderrig en leer en betrokke burgerskap, hetsy in of buite hulle kundigheidsveld, en gehelp het om die voorgenoemde binne ’n bepaalde omgewing toe te pas; die belyning van inisiatiewe vir sosiale impak met die doelwitte van die Nasionale Ontwikkelingsplan, die Verenigde Nasies se Doelwitte vir Volhoubare Ontwikkeling (Eng. *SDGs*) en die Afrika-unie se Agenda 2030, sowel as ander tersaaklike plaaslike parameters vir sosiale verandering, byvoorbeeld munisipale geïntegreerde ontwikkelingsplanne;

3.10 die mate waarin kandidate die Universiteit se profiel uitgebou het deur middel van die gehalte van hulle sosiale impak en die uitsette daarvan; en

3.11 of die inisiatief vir sosiale impak aan die Universiteit se gedragskode voldoen en met die instelling se waardes en beginsels strook.

## 4. Toekenningsprosedure

4.1 Die VR: SITP skeduleer die toekenningsprosedure en rig ’n oop uitnodiging aan alle US-dekane en VS-hoofde om kandidate uit hulle omgewings te benoem.

4.2 Kandidate kan deur kollegas benoem word óf hulleself benoem. Benoemings word via die onderskeie omgewings of die kantoor van die Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie voorgelê.

4.3 Die KSI(S) kan ook kandidate benoem. Dit moet in oorleg met die KSI(S)-voorsitter en die betrokke dekaan en/of VS-hoof geskied.

4.4 Die benoemdes se name word aan die VR: SITP gestuur, wat dit aan die Toekenningskomitee vir finale besluitneming voorlê.

4.5 Alle kandidate word uitgenooi om ’n volledige curriculum vitae en motivering vir doeleindes van beoordeling te verskaf. ’n Templaat vir die motiveringsbrief sal beskikbaar wees. Ter verdere ondersteuning van hulle kandidatuur kan benoemdes ook verslae vanaf belanghebbendes uit die gemeenskap, ander verslae oor insette en uitsette rakende sosiale impak, asook ander prestasiebeoordelings voorlê.

4.6 Sou daar in ’n bepaalde jaar geen geskikte kandidaat vir die toekenning uit ’n sekere fakulteit of omgewing wees nie, kan die onbenutte geleentheid vir die volgende ronde toekennings teruggehou word.

4.7 Die VR: SITP lê die name van die suksesvolle kandidate ter kennisname aan die KSI(S) voor.

4.8 Die VR: SITP bepaal die tyd en aard van die oorhandigingseremonie.

4.9 Die ontvangers, hulle spanne en belanghebbendes uit die gemeenskap word na die geleentheid uitgenooi.

4.10 Die kantoor van die Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie koördineer die geleentheid.

## 5. Samestelling van die Toekenningskomitee

Die Toekenningskomitee bestaan uit die volgende persone:

5.1 die VR: SITP, as voorsitter;

5.2 die Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie, as sekretariaat;

5.3 ’n adjunkviserektor benoem deur die VR: SITP;

5.4 ’n dekaan benoem deur die dekane vanuit hulle geledere;

5.5 twee (2) verteenwoordigers benoem deur die KSI(S); en

5.6 ’n verteenwoordiger van ’n US-gemeenskapsvennoot benoem deur die Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie in oorleg met die KSI(S).